



eduresourceza.com

ST BENEDICT'S COLLEGE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 11 EKSAMEN

17 JULIE 2019

NAAM: _____

TYDSDUUR: 2 ½ UUR

Eksaminatrise: Mev U Smith

↓ Moderatore: Mev A Stothard, Mev L Swart, Mev M Du Plessis, Mnr J Van Eeden



	MOONTLIKE PUNT	WERKLIKE PUNT	VLAK BEREIK
AFELING A: BEGRIPSTOETS ↓	30		
AFDELING B: OPSOMMING	10		
AFDELING C: FUNKSIONELE TAAL	30		
AFDELING D: LETTERKUNDE	30		
TOTAAL	100		

GRADERINGSKODE	BESKRYWING	PUNT/PERSENTASIE
7	UITMUNTEND	80-100
6	VERDIENSTELIK	70-79
5	BEDUIDEND	60-69
4	VOLDOENDE	50-59
3	MATIG	40-49
2	BASIES	30-39
1	ONTOEREIKEND	0-29

Hierdie vraestel bestaan uit ¹⁷~~14~~ bladsye.

1. Lees die vrae sorgvuldig deur en volg alle instruksies.
2. Skryf netjies en sorg dat alle rofwerk duidelik aangedui word.

AFDELING A: BEGRIPSTOETS

Lees die artikel deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Hengelaar 'hartseer' oor bielie van 'n kabeljou

* 'n Man van Port Elizabetj se grootste vis wat hy in sy 50 jaar van hengel, gevang het, het ook vir hom groot hartseer gebring. So meen Gerhard van der Merwe (56) wat Donderdagoggend 'n kabeljou van 34,7 kg in die see naby Van Stadensriviermond, net duskant Port Elizabeth, gevang het.



7. * "Terwyl ek nog sukkel om die vis uit te bring, het 'n brander die vis bo die water uitgelig en ek kon sien, dié is 'n meneer van 'n vis. Ek het dadelik met die vis probeer speel om hom uit te kry." Maar na sowat 20 minute wat hy geswoeg het om die vis op droë grond te kry, het hy onmiddellik besef die vis sal nie vrygelaat kan word nie.

Die hoek en lyn was deur sy kiewe. Die vis sou nooit oorleef het nie. Ek moes hom ongelukkig hou. Volgens hom het die kabeljou ook 'n goeie stryd geveg om nie uit die water gepluk te word nie en hy moes alleen teen die vis spartel, aangesien sy vriende almal so 500m van hom af gehengel het.

* "Jy weet dit is hartseer om so 'n groot vis dood te sien. Ons almal is maar omgewingsbewus, die vis is deesdae skaars en ons wil nie graag die groot visse uit die see wegneem nie. Dis eintlik vreemd dat die kabeljou vir my aas (tjokka en sandmossel) geval het. Hulle is roofvisse wat gewoonlik van 'n lewendige ^{prooi} harder hou. Maar, bygesê, ek het die outjie se maag oopgesny na die tyd. Sy pensie was leeg, so hy was dalk baie honger."

Van der Merwe sê hy hengel al van sesjarige ouderdom. Hy hengel meestal in Port Elizabeth en besoek ook gereeld Namibië, maar het nog nooit so 'n bielie van 'n vis aan sy hoek gehad nie.

Hoewel van der Merwe eintlik net 'n foto met sy groot vis wou hê en hom ^{weer} toe wou vrylaat, is hy Donderdagmiddag toe met die hele vis huis toe waar hy nou beplan om viskoekies en kerrievis te maak. "Ek gaan nog tot volgende Paasfees kerrievis eet," skerts hy.

Alan Percy, 'n lid van die Algoabaai-diepseehengelklub sê kabeljoue kan tot 60kg ^{weeg} groot word, maar om 'n kabeljou van amper 35kg langs die kus te vang is 'n baie indrukwekkende grootte.

- Cara-Lee Dorfling

(Verwerk uit: Beeld 13 Julie 2019)

1.1. Hoe oud was Gerhard van der Merwe toe hy begin visvang het? (1)

Ses

1.2.1. Waarom wou Gerhard die vis weer vrylaat? (1)

Die vis is skaars / ons is omgewingsbewus / wil nie groot visse uit die see neem nie

1.2.2. Hoekom kon hy dit nie doen nie? (1)

Die hoek en lyn was dew sy kiewe / Hy sou nie oorleef het nie

1.3. Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is.

1.3.1. Dit was vir Gerhard maklik om die vis uit die water te kry. (1)

Onwaar

1.3.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer. (1)

20m wat hy geswoeg het / die kabeljou ook 'n goeie stryd geveg

1.4. Waarom was daar niemand om Gerhard te help om die vis te vang nie? (1)

Sy vriende het netmal so 500m van hom af gehengel

1.5. Haal twee uitdrukkings uit die leesstuk aan wat vir ons sê dat hierdie vis baie groot was. (2)

bielie van 'n kabeljou
'n meneer van 'n vis

1.6. Waarheen gaan Gerhard dikwels op vakansie? (1)

Namibië

1.7. Verduidelik in jou eie woorde wat 'n roofvis is. (1)

'n Vis wat ander vis vreet.

[10]

Teks 2: Advertensie

Bestudeer die advertensie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

40 jaar se liefde vir lasagne

Fokus | **GARFIELD**

Die eerste Garfield strokie is op 19 Junie 1978 gepubliseer. Vandag is hy een van die gewildste strokies karakters en daar is baie min mense wat nie weet wie hierdie vet kat is nie, verskyn in ongeveer 2 580 koerante en tydskrifte.

GARFIELD SE BEGIN

- Garfield is gebore in 'n Italiaanse restaurant op 19 Junie 1978.
- Die eienaar moes kies tussen Garfield en om die restaurant se deure te sluit. Garfield is toe na 'n troeteldier winkel geneem.
- John Arbuckle het hom daar gesien en gekoop.

DIE HEEL EERSTE GARFIELD STROKIE

In die begin was John 'n strokiesprent tekenaar, maar oor die jare is dit nog nooit weer genoem nie. John se naam kom van 'n ou koffie advertensie wat Davis lank terug gehoor het.

Davis vertel dat hy 'n advertensie vir 'n motor agentskap moes skryf oor Odie the Idiot en hy het die naam vir die hond gebruik omdat hy daarvan gehou het.

GARFIELD FEITE

- Die strokie het die Guinness World Record van die most widely syndicated comic strip.
- Dit verskyn in 2 580 koerante en tydskrifte.
- Jim Davis het Garfield na sy oupa, James Garfield Davis, vernoem.
- Merchandising bring tussen \$750 miljoen en \$1 miljard jaarliks in.
- Garfield was nie Davis se eerste strokie nie, maar sy strokie oor goggas was nie baie gewild nie.
- Davis teken nie meer Garfield nie, al is hy daaglik betrokke by die strokie. Daar is 'n groep kunstenaars wat saam met hom werk wat die teken werk oorgeneem het.

GARFIELD OP FACEBOOK

AANTAL FOLLOWERS

Karakter	Aantal Followers
Garfield	16 mil.
Snoopy	13 mil.
The Simpsons	65 mil.
Mickey Mouse	14 mil.

GARFIELD OOR DIE DEKADES

1978

1990

Strokies: Garfield.com MORNE SCHAAP, Grafika24

Bronne: garfield.com, mentalfloss.com, en.wikipedia.org, bathroomreader.com, thefw.com
© 1990, All Rights Reserved.

2.1. Waar, dink jy, het Garfield se liefde vir lasagne vandaan gekom? (1)

die Italiaanse restaurant

2.2. Wanneer is Garfield se verjaarsdag? (1)

19 Junie (1978)

2.3. Is Garfield die gewildste strokiesprent? Motiveer jou antwoord. (1)

Nee, The Simpsons het meer FB 'followers' (volgelingen)

2.4.1 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. (1)

Jim Davis se eerste strokiesprent het oor insekte gegaan.

Waar

2.4.2. Motiveer jou antwoord deur uit die teks aan te haal. (1)

, maar sy strokie oor goggas

2.5. Waar het Jim Davis aan Garfield en Jon Arbuckle se name gekom? (2)

Garfield - na Davis se oupa vernoem

Jon Arbuckle - van 'n ou koffie advertensie

2.6. Haal **EEN WOORD** uit die teks aan wat Garfield se voorkoms beskryf. (1)

vet

2.7. Hoekom, dink jy, moes die eienaar tussen sy restaurant en Garfield kies? (1)

daek het Garfield te veel lasagne geëet / Sy
was affekteer ens, onhigiënies,

2.8. Waarin sal 'n mens die Garfield strokiesprent kan lees? Noem twee. (1)

tydskrifte en koerante

[10]

Teks 3: Spotprent



3.1.1. Wat beeld hierdie spotprent uit?

(1)

Die Proteas het nie goed in die Krieketwêreldbeker
gevaar nie / was vroeg uit die toernooi ens

3.1.2. Het die tekenaar per ongeluk 'n spelfout begaan toe hy 'Proteas' verkeerd gespel het? Motiveer jou antwoord.

(1)

↓ Nee, dit is 'n woordspeling / Hy wil sê hoe
vrot die Proteas gespeel het.

3.1.3. Watter visuele bewys is daar dat die kinders wat die Proteas was, ongelukkig is. Noem twee feite. (2)

↓ Een kind huil ✓
Die ander kind sit met sy kop in sy hande ✓

4.
3.1.3. Waarom wil hulle nie meer die Proteas wees as hulle krieket speel nie? (1)

Hulle wil nie altyd verloor nie

3.2.1. Watter visuele bewys is daar dat iemand die bal alreeds hard geslaan het (1)

Die (bure se) venster is gebreek

3.2.2. Wat gaan die bure se reaksie dalk wees as hulle huis toe kom? (1)

Hulle sal kwaad wees (enigiets wat sin maak)

3.3. Waarvoor is die houtboks waarskynlik gebruik? (1)

✓ * w
paaltjies

3.4. Wat noem ons die voorwerp waarmee'n krieketspeler die bal slaan? (1)

Kolf

3.5. Wat sê die liggaamstaal van die seun met sy hande in sy sakke vir jou, met betrekking tot wat hy dink? (1)


Hy kan dit nie verstaan nie / gee nie om nie /
is ongeërg

[10]

AFDELING B: OPSOMMING

Vraag 4

Lees die instruksies sorgvuldig deur.



Die teks hieronder dui aan hoe 'n mens jou in 'n fliet moet gedra.

* *Se wat jy nie moet doen nie en gee 'n rede daarvoor.*

- Nommer jou sinne van 1 tot 5.
- Begin elke sin met: 'Moenie ... , want'
- Jou opsomming moet **70 woorde** lank wees.
- Moenie direk aanhaal nie.
- Moenie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Skryf die **getal** woorde **aan die einde** van jou opsomming neer.

[10]

So gedra jy jou

1. Dit is baie steurend as jy heeltyd kliphard aan jou springmielies, skyfies of ander eetgoed sit en kou. Die geritsel van die papier pla ander mense en alhoewel iets eet 'n deel van die hele flietervaring is, moet jy ook in ag neem dat ander mense die rolprent wil hoor.
2. Dit is onaanvaarbaar dat jy gedurende die rolprent met jou maat sit en gesels. Dit sluit (in) gesprekke oor jou afspraak gisteraand, dit wat verlede week by die skool plaasgevind het nie of die nuutste skinderstories. Ander mense stel nie daarin belang nie. Jy kan dit alles in 'n koffiewinkel bespreek. Voortdurende verduidelikings oor wat voor op die skerm aan die gang is, is net so erg.
3. Die flieteteater is nie die plek om reëlins vir volgende week se braai te tref nie. As jy 'n oproep moet neem omdat dit 'n noodgeval is, dan staan jy op en stap uit. Om 'n oproep in die teater te neem is ongeskik en steurend vir die ander flietgangers.
4. Dink twee keer as jy jou skoene wil uittrek. Die ander flietgangers wil definitief nie jou stinkvoete ruik terwyl hulle die rolprent sit en kyk nie. As jy 'n fliet net kan geniet as jy heeltemal ontspanne is, moet jy eerder by die huis bly en 'n DVD gaan huur.
5. As jy wil soen en kafoefel, gaan kry vir jou 'n kamer iewers waar jy privaat kan wees. Wie wil dit sien en hoor? Jong kinders hoef nie aan jou gedrag blootgestel te word nie. Al is die teater donker, beteken dit nie dat die mense om jou nie bewus gaan wees van wat jy doen nie.

(Verwerk uit: Die Beeld Vrydag 18/05/2012)

Vraag 4: Opsomming

1. Moenie kliphard aan jou eetgoed sit enkou nie,
want ander mense wil die rolprent hoor.
- 2 Moenie sit en praat nie want ander mense stel
nie in jou besigheid belang nie.
- 3 Moenie 'n oproep neem nie want dit is ongeskik
en steurend vir ander mense.
- 4 Moenie jou skoen uittrek nie want ander mense
wil nie jou stinkvoete ruik nie.
- 5 Moenie soen en karfoefel nie want ander mense wil
dit nie sien nie / jong kinders hoef dit nie te sien nie.

* lengte 60 - 80 woorde

* Elke sin tel 2 punte.

- 1 (P) - nie genommer nie

- 1 (L) - te lank / kort

- 1 (WT) - geen woordtelling nie

- 1 (LL) - lieg oor lengte.

- 1/2 elke keer hulle nie met 'Moenie' begin nie

- want moet daar wees vir 2de punt by sin.

- 1/2 vir direkte aanhaling

AFDELING C: FUNKSIONELE TAAL

VRAAG 5: Sinstrukture

Bestudeer die volgende strokiesprent. Kyk na die sinne wat oor die strokiesprent gaan. Skryf die daaropvolgende sinne oor soos aangedui.



(Teks: Die Beeld: Vrydag 18/6/2012)

5.1. Die kind sit en eet ribbetjies vir middagete.

Verlede week het die kind ribbetjies vir middagete geëet en eet (1)

5.2. Die ma moet die kind natspuit om hom skoon te kry.

Volgende week sal die ma die kind moet natspuit om hom skoon te kry (1)

*

5.3. Wil die kind nog ribbetjies eet?

Nee, die kind wil nie meer ribbetjies eet nie (1)

5.4. Die kind sê: "Ma, ons moet vandag meer ribbetjies eet."

Die kind sê vir sy ma dat hulle vandag meer ribbetjies moet eet. (1)

- 5.5. Die kind se ma moet gereeld die tuinslang gebruik om haar kind skoon te kry.

Die tuinslang moet gereeld deur die kind se ma gebruik word om haar kind skoon te kry. (1)

- 5.6. Die kind sal dalk ~~net~~ meer ribbetjies kry om te eet. Sy ma kan hom met die tuinslang skoonmaak.

Aangesien die ma hom met die tuinslang kan skoonmaak, sal die kind dalk meer ribbetjies kry om te eet. (1)

- 5.7. Die kind word elke keer met water natgespuit, maar hy sal elke dag ribbetjies eet.

Al word die kind elke keer met water natgespuit, sal hy elke dag ribbetjies eet. (1)

- 5.8. Die kind het 'n groot glimlag op sy gesig gehad omdat hy skoon was.

Vandag het die kind 'n groot glimlag op sy gesig omdat hy skoon is. (1)

- 5.9. Die ma spuit die kind nat om hom skoon te kry.

Om hom skoon te kry spuit die ma die kind nat. (1)

- 5.10. Die kind het sy ribbetjies op die bord neergesit.

Sy ribbetjies is deur die kind op die bord neergesit. (1)

- 5.11. Die kind vra of hy meer dikwels ribbetjies kan eet.

Die kind vra: "Kan ek meer dikwels ribbetjies eet?" (1)

- 5.12. Verander die sin in 'n vraag sodat die onderstreepte woorde die antwoord op die vraag is.

Die kind hou baie van ribbetjies.

Waarvan hou die kind baie? (1)

- 5.13. Die kind moet ~~al~~ sy ribbetjies eet.

Die kind hoef nie ~~al~~ sy ribbetjies te eet nie (1)

- 5.14. Het die kind sy klere al drooggemaak?

Nee, die kind het (nog nie) sy klere (nog nie) drooggemaak nie (1)

- 5.15. Die kind kan nie wag om meer te kry nie. Hy is baie lief vir ribbetjies. (wat)

Die kind wat baie lief vir ribbetjies is, kan nie wag om meer te kry nie. (1)

- 5.16. Die ma gebruik die tuinslang om hom nat te spuit.

Die ma ~~spuit~~ ^{gebruik die tuinslang} die kind nat sodat sy hom kan natspuit (1)

- 5.17. Die ribbetjies word vanmiddag deur die kind geëet.

Die kind eet vanmiddag ^{die} ribbetjies (1)

- 5.18. Die tuinslang is lank. Die ma spuit die kind met die tuinslang nat.

Die tuinslang waarmee die ma die kind natspuit, is lank. (1)

- 5.19. Die kind eet sy ribbetjies en sy ma spuit hom met die tuinslang ^{nat}.

Nadat die kind sy ribbetjies geëet het, het sy hom met die tuinslang ^{nat} gespuit. (2)

VRAAG 6: Woordstrukture

Moenie die woorde in die spasies invul nie. Maak gebruik van die antwoordblad wat die sluitingstoets volg. *ondersaam*.

Die kind 2.1. (wie/wat) 2.2. (amper - sinoniem) al sy ribbetjies klaar geëet het, is 2.3. (nie + herkenbaar). Dis duidelik dat hy die kos geniet het, omdat hy so 2.4. _____ (vuil/veil- kies die korrekte woord) is en daar bly net 'n paar 2.5. (bene - verkleinwoord) op sy bord oor. Sy ma beveel 2.6. _____ (voornaamwoord) om saam met 2.7. _____ (voornaamwoord) na buite 2.8. _____ (vul die korrekte ontbrekende woord in) gaan. Buite in die tuin gebruik die ma die 2.9. _____ (tuinslang - verkleinwoord) om haar kind skoon te maak. Die water is 2.10. (koud - intensiewe vorm) maar dit lyk nie 2.11. (as of/ asof - kies die korrekte spelling) dit die kind pla 2.12. _____ (vul ontbrekende woord in).

Hy glimlag 2.13. (breed - intensiewe vorm) omdat hy en sy ma op 'n 2.14. (manier/weg - kies die korrekte woord) afgekom het 2.15. (op + wat) hy meer gereeld ribbetjies kan eet. Hy hou werklik 2.16. _____ (vul die ontbrekende woord in) om natgespuit te word en hy is baie lief 2.17. _____ (voorsetsel) ribbetjies. Hoe 2.18. (baie - korrekte vorm) ribbetjies, hoe beter. Dit laat 'n mens aan 2.19. _____ (voornaamwoord) eie 2.20. (kind + jare-samestelling) dink!

[20/2=10]

- 2.1. wat
 2.2. byna
 2.3. onherkenbaar
 2.4. vuil
 2.5. beentjies
 2.6. hom
 2.7. haar
 2.8. te
 2.9. tuinslangetjie
 2.10. yskoud

- 2.11. asof
 2.12. nie
 2.13. hemelbreed
 2.14. manier
 2.15. waarep
 2.16. daarvan
 2.17. vir
 2.18. meer
 2.19. jou
 2.20. kinderjare

St Benedict's College

Afrikaans Eerste Addisionele Taal - Graad 12

Letterkunde Toets 1 - Derde Genre

NAAM: Nasiennglyne

Vraag 1		10
Vraag 2		10
Vraag 3		10
		30

Vlak bereik: 1 2 3 4 5 6 7

Vraag 1: Skreeu

Sy het van die meisies hoor proes en haar gesig het warm geword.

1.1.1. Wie is die 'sy' in die aanhaling?

Ester (1)

1.1.2. Met watter tipe dier vergelyk sy Delani en haar pelle? Hoekom?

hienas. Hulle teken die swakste dier in die trop (2)

1.1.3. Hoe weet jy dat sy nie ook nie vriende gehad het nie?

Sy sit elke pouse onder 'n boom en lees (1)

1.2.1. Waarom was dit 'n fout toe die hoofkarakter vir Herman by haar huis toelaat?

Haar ma was baie streng / alles was 'n sonde,
'n seun in die huis kon 'n sonde wees ens (1)

1.3.1. Waarvoor was die hoofkarakter en haar pa albei lief?

gedigte / poësie (1)

1.3.2. Waarom het die hoofkarakter se ma die boks met al haar pa se digbundels weggegooi?

Sy het gesê dis dink wat hulle verstand besaai. (1)

1.3.3. Waarom het die hoofkarakter so hartseer gevoel toe haar ma die digbundels weggegooi het?

Dit was haar pa se digbundels / Hy is dood. (1)

1.4. Noem twee dinge wat die hoofkarakter gedoen het toe sy bo-op die se platform gestaan het.

- sy het 'n gedig voorgedra
- sy het geskreeu

(2)

[10]

Vraag 2: Lywe

2.1 2.1.1. Adnaan (hoofkarakter) is tans by die 2.1.2. Rondebosch

(buurt in die Kaap) sportklub en neem aan 'n 2.1.3. Karate (sportsoort)

kompetisie deel. Hy is baie 2.1.4. senuweeagtig (emosie) omdat hy nooit sy

2.1.5. Katas (reeks bewegings in daardie spesifieke sportsoort) kan onthou nie.

Hy het 'n 2.1.6. pers (kleur) gordel. Nadat hy en 2.1.7. Katrien

(meisie se naam) begin gesels het, besef hy dat hierdie dag vol lywe is en een van hulle

is 2.1.8. Syne (voornaamwoord).

8 x 2 = (4)

2.2.1. Hoe weet jy dat die meisie met wie hy praat, baie goed in hierdie sport presteer?

Sy het 'n goue medalje verower

(1)

2.2.2. Watter kleur gordel het sy?

rooi

(1)

2.3.1. Watter raad gee sy vir die hoofkarakter sodat hy in die sport kan verbeter?

Hy moet elke dag tien ^{keer per dag} katas doen

(1)

2.3.2. Dink jy dat hy haar raad sal volg? Gee 'n rede vir jou antwoord

Ja, hy wil haar weer by die WP-proewe sien

(1)

2.4. Die onderstaande stellings is almal ONWAAR. Verander net een woord in elke stelling om die stelling WAAR te maak.

2.4.1. Die WP-proewe gaan oor drie maande plaasvind.

twee

2.4.2. Die akrobate het buite die saal geoefen.

sweefstokartieste (2)

[10]

Vraag 3: Die Trompet van Triton en Eienaam**3.1. Trompet van Triton**

Pas die korrekte antwoord in kolom B by die karakter in kolom A.

(2)

	A		B	↓
1	Meneer Djovitich	A	bly in Johannesburg	~~C~~
2	Hoofkarakter se pa	B	seenimf	~~A~~
3	Hoofkarakter se ma	C	praat met 'n aksent	~~D~~
4	Hoofkarakter	D	verstrooide professor/ dra 'n bril	~~B~~

C
A
D
B**3.2. Gee twee redes hoekom die hoofkarakter kwaad vir haar pa was.**

- Hy het musiek bo haar ma en haar verkies / Hy het haar na die musiekkamp gebring / Sy sien hom min

(2)

3.3. Hoe weet jy dat sy musiek in haar toekoms gesien het?

Sy wil leer trompet speel.

(1)

3.4. Eienaam

Pas die korrekte antwoord in kolom B by die karakter in kolom A.

(2)

	A		B	↓
1	Hoofkarakter	A	ruik soos tabak	C
2	Hoofkarakter se pa	B	glimlag min	D
3	Hoofkarakter se ma	C	Ansie	B
4	Hoofkarakter se Oupa	D	drink koffie	A

3.5. Gee twee redes hoekom Reinette nie van haar naam gehou het nie.

Dis nie haar eienaam nie.

Sy voel soos 'n instaatkind / plaasvervanger vir haar suster

(2)

3.6. Hoekom het Reinette se ouers haar suster se naam vir haar gegee?

- om haar iets van haar suster te gee / as huldeblyk aan haar suster.

(1)

[10]